# Kinderkerk Les: Die Liefde

**Doel van les:** Ons gesels oor liefde en hoe ons ander kan liefhê.

**Ysbreker 1: Hartjie gesig:** Kies so drie kinders vir hierdie speletjie. Gee vir elkeen 'n bakkie met 'n klomp hartjie lekkers. Die kinders moet in 'n minuut se tyd soveel hartjie lekkertjies op hulle gesigte laat vassit deur dit te lek en dan te laat "plak" teen hulle vel.

**Ysbreker 2: Hartjie toring:** Gee vir elke groepie vyf hartjie lekkers. Laat hulle 'n kind kies op wie se voorkop hulle 'n toring gaan bou met die lekkertjies. (Die kind sal opkyk na die dak en dit sal 'n plat oppervlak maak om die toring op die voorkop te bou.)

**Ysbreker 3: Voete was:** Gee vir elke groep 'n emmer met water in. Gooi bietjie seeppoeier in. Gee vir elke kind 'n plastiek diertjie of poppie en sê vir die kinders dat hulle gou die diertjie/poppie se voete moet was. Soos hulle die voete was, vra jy die volgende vrae:

**Vrae:**

- Hoe wys jy vir ander dat jy lief is vir hulle?
- Hoe sou jy voel as jou beste vriend jou voete was?
- Hoe sou jy voel as jy iemand anders se voete moes was?
- Sou 'n koning iemand se voete was?

Vandag gaan ons hoor van die Koning van al die konings wat Sy vriende se voete gewas het.

Dit was weer tyd vir die Paasfees. Die tyd was nou daar vir Jesus om terug te gaan na Sy hemelse Vader toe. Hy het baie van Sy vriende hier op aarde gehou. Een aand eet Jesus saam met Sy vriende. Die duiwel het al klaar vir Judas omgepraat om Jesus te verraai. Jesus was nie bang nie. Hy het mos van Sy Vader af, uit die hemel, gekom en moes nou weer na Hom toe teruggaan.

Jesus staan toe op en begin Sy vriende se voete was. Gewoonlik het net bediendes dit gedoen. Hy het 'n bak vol water en 'n handdoek gehad. Hy het hulle voete een vir een gewas. Toe Hy by Simon Petrus kom, sê Petrus: "Gaan U my voete regtig was?"

"Jy verstaan dit nou miskien nie. Oor 'n rukkie sal jy alles verstaan," sê Jesus vir Petrus.

"Ek wil nie hê U moet my voete was nie," sê Petrus. "U is te belangrik."

Jesus sê toe: "As Ek nie jou voete was nie, is jy nie een van my vriende nie. Dan staan jy met al jou vuil sondes voor God."

"Here, was dan sommer alles en nie net my voete nie," sê Petrus toe. Jesus sê toe: "Jy is geestelik skoon as Ek jou voete gewas het."

Verhaal geneem uit die Bybel@kinders.co.za, bl1142, Redakteur: Hennie Stander

Om mense se voete te was, was 'n vuil en gross werk. Die mense in die Bybelse tyd het oral geloop in oop sandale en hulle voete was vuil. As jy dit kon bekostig om 'n bediende te huur, was dit daardie bediende se werk om gaste se voete te was. Maar Jesus het daardie aand Sy dissipels se voete gewas om hulle te wys wat liefde is en nie te dink jy is beter as ander mense nie. Dink net Jesus, die Koning van alle Konings, was mense se vuil voete.

Liefde is nie net mooi woorde op 'n kaartjie of 'n boks sjokolade nie. Dis voete was, of boeke vir iemand dra. Dis om jou tyd vir iemand te gee en om jou familie, vriende, of juffrou te help.

**Kleingroep aktiwiteit: Pass the parcel:** Knip die volgende vragies op en sit dit in 'n sakkie. Speel nou pass the parcel met die kinders in die kleingroepe. Wanneer die musiek stop moet die kind wat met die sakkie sit dit oopmaak en een van die vragies uithaal en hardop lees of vir die leier gee om te lees. Die kinders kry dan kans om die vraag te beantwoord.

- Wat het Jesus vir Sy dissipels gedoen? (Hulle voete gewas)
- Wie het probeer keer dat Jesus sy voete was? (Petrus)
- Wat het Jesus vir ons gedoen om Sy liefde vir ons te wys? (Aan die kruis gesterf)
- Hoekom is liefde meer as net mooi woorde?
- Is jy so lief vir iemand dat jy hulle voete sal was?
- Vir wie is jy lief?
- Wat kan jy die week doen om vir iemand te wys jy is lief vir hulle?

Sluit af in groepe met gebed.

**Pass the parcel vrae:**

Wat het Jesus vir Sy dissipels gedoen?

Wie het probeer keer dat Jesus sy voete was?

Wat het Jesus vir ons gedoen om Sy liefde vir ons te wys?

Hoekom is liefde meer as net mooi woorde?

Is jy so lief vir iemand dat jy hulle voete sal was?

Vir wie is jy lief?

Wat kan jy die week doen om vir iemand te wys jy is lief vir hulle?